

Beste vriende,

Ons is baie dankbaar vir julle belangstelling in ons werk, julle ondersteuning en voorbidding. Al is ons daaglikse roetine nou minder "opwindend" voorheen in Taiwan, bly ons werk 'n groot uitdaging. Ons waardeer julle gebede vir ons omdat ons elke dag afhanklik is van die Here se leiding en wysheid.



Ons dank die Here dat Hy ons die eerste 6 maande in Switzerland so getrou begelei en gehelp het. Dis 'n pragtige land om in te woon, maar met soveel reëls en regulasies neem dit heelwat tyd voor jy hier tuis kan voel. Dat ons kort na ons aankoms hier ook nog onder al die beperkings van die Lockdown moes leef, het dit nie makliker gemaak nie! Na al die jare in Asie was baie aspekte van die lewe hier nuur vir ons. Nou is ons egter goed gevestig in Rafz, 'n dorpie naby Schaffhausen op die grens na Duitsland. Ons is dankbaar dat ons van hier af nog steeds betrokke kan wees by die teologiese opleiding van Chinese Christene.

Die beperkings van die Lockdown het Chris se arbeid nie beïnvloed nie: omdat die onderrig en begeleiding van sy studente alles per internet geskied, kon hy eenvoudig sy werk voortsit. Ten spyte van die moeilike tyd in China het al die studente die eerste semester teen die einde Mei suksesvol voltooi.


Die nuwe semester het onmiddellik begin (met net 'n naweek onderbreking! Chinese glo nie aan vakansie nie!). Chris het nou 115 Chinese studente

in sy Hermeneutiek (Bybeluitleg) klas en begelei ook vier studente wat prakties doen in gemeentes in China. Met so 'n groot klas, twee keer soveel studente as ons verwag het, is Chris elke dag besig om persoonlike briewe te skryf om die kursusver-eistes te verduidelik, klasnotas voor te berei en die studente se tuiswerk te korrigeer. Dit neem baie tyd in beslag om elke week meer as 100 skriftelike werkstukke in Chinees te lees en kommenteer! El-

ke Maandag is daar twee Zoom-byeen-komste: eers 'n uur en 'n half met al die Chinese studente wat dit kan maak (ongeveer 80!) en daarna 'n uur (dikwels meer) met die Chinese kollegas in die VSA. Die klas met die studente is 'n besondere ervaring, die enigste direkte kontak met die studente, waar Chris direk met hulle kan gesels en

waar hulle ook vrae kan vra.

Die werk is opwindend omdat ons te doen het met mense wat ons 'n aandeel gee in hul dikwels uitdagende lewensomstandighede. Die studente se briewe handel nie net oor die inhoud van die kursus nie: hulle vra vrae oor die Bybel of teologiese probleme, skryf oor hulle bediening in gemeentes in China en oor hulle persoonlike vreugdes en probleme. Chris vind gereeld 'n persoonlike vraag aan



die einde van 'n werkstuk of sommer so tussen die paragrawe ingevoeg. Daarom is dit belangrik om noukeurig te lees sodat mens nie iets belangriks mis nie!

Ons kry ook gebedsversoeke van die studente. Sommige van hulle studeer in baie moeilike omstandighede. Hulle werk dikwels sonder loon in 'n gemeente, moet 'n ander werk doen om 'n gesin te onderhou, en studeer tussendeur ook nog teologie! Hulle is dikwels tot laat in die nag besig met hul studies, omdat hulle geen tyd gedurende die dag het nie. Ons is telkens weer aangenaam verras oor hulle toewyding en vreugde in hulle studies. Dit het ons ook diep beweeg om te verneem hoe bekommerd hulle oor ons gesondheid was gedurende die pandemian dat hulle vir ons bid. Een student het selfs 'n besending gesigmaskers gestuur omdat sy gehoor het van die tekort daaraan by ons.



Ongeveer die helfte van die studente is vroue. Gelukkig kan Johanna meemaak deur per Zoom met individuele studente te gesels oor die uitdagings waarmee hulle as vroue in gemeente-diens moet teregkom. Ons is dankbaar dat die Here die deure oopmaak ondanks die geslote grense!

Die Herfs-semester begin einde Augustus: Chris onderrig dan Inleiding tot die Ou Testament en die Brief aan die Romeine. Dit lyk reeds asof ons weer rekordstudentegetalle gaan hê!

Intussen probeer ons ook hier waar ons leef voet te vat. Ons besoek die plaaslike gemeente en ook 'n Bybelstudiegroep wat elke tweede week byeenkom. Elke middag na ete gaan stap ons in en om ons dorpie en geniet die immer wisselende natuur: wingerde, aartappels, koring, rog, raps en sonneblomme oral rondom ons. Appel-, peer- en kersiebome in die dorp, woude in die heuwels rondom verskaf welkome skaduwee in die somerhitte. Ons leer ook geleidelik die mense in ons omgewing ken, soos die jong Moslemgesin uit Kosovo wat oorkant ons woon en ons gereeld na hul huis uitnooi.



Verlede jaar het ons julle vertel van Ya Yun en En Yu wat twee maande lank hul prakties in 'n Chinese gemeente in Argentinië gedoen het. In Junie het albei hul studies aan *Tainan Theological College* afgesluit en berei hulself tans voor om aan die einde van die jaar as sendelinge terug te keer na Buenos Aires. Bid asb. saam met ons dat die Here die deure sal oopmaak en die weg vir hulle sal voorberei, ten spyte van die beperkings wat tans heers weens Covid 19.

Ons wens julle almal die Here se seën toe en bid dat die Covid 19 krisis gou iets van die verlede sal wees.

Mag die Here julle seën en bewaar!

Met vriendelike groete uit Rafz, Switzerland.

Chris en Johanna (鄧開福, 蘇恩惠)

Chris und Johanna Dippenaar
Heereguet 10
8197 Rafz
Switzerland

e-mail Chris: dippenaar@gmx.net
Johanna: joh.dippenaar@gmail.com

Schweizerische Missions-Gemeinschaft
CH-8401 Winterthur
Tel: +41 52 235 32 52; e-mail: smg@smgworld.ch
IBAN: CH92 0900 0000 8004 2881 3
SWIFT: POFICHBEXXX
Konto: 80-42881-3 (To: „Dippenaar“)